Regter Viljoen neem afskeid by Regskommissie

*Regter Gerrit Viljoen het op 1 Junie 1989 in Pretoria na elf jaar se verbintenis met die Suid-Afrikaanse Regskommissie afskeid geneem. Regter Viljoen, wat eers die ondervoorsitter en sedert 1982 die voorsitter van die Kommissie was, is opgevolg deur Appèlregter H J O van Heerden. Op die foto wat by die afskeidsfunksie gereël deur die Kommissie geneem is, staan van links, regter Viljoen en sy vrou, Wilma, die Regter-president H H Moll en sy vrou, Anna. (Foto: **Die Transvaler**)*

NUWE APPÈLREGTER

'n Voormalige lid van die Pretoriase Balie, Regter F H Grosskopf, is as appèlregter in die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aangestel.

Regter Grosskopf het die grade BA LLB aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy promoveer tot doktor in die regte (met lof) aan die Rijksuniversiteit te Leiden, Nederland in 1960 op 'n proefskrif getiteld 'Die Geskiedenis van die Sessie van Vorderingsregte'.

Vanaf 1960 tot 1966 is hy 'n regsdosent aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika en vanaf 1961 praktiseer hy as advokaat aan die Pretoriase Balie. Senior status is in 1977 aan hom toegeken. Hy was ook verskeie jare lid van die Pretoriase Balieraad en in 1980 was hy die Voorsitter. Vanaf 1977 tot 1981 was hy lid van die Suid-Afrikaanse Regskommissie.

Hy is met ingang van 1 November 1980 as regter van die Transvaalse Provinsiale afdeling van die Hooggeregshof en vanaf 1 Mei 1989 in die Appèlafdeling aangestel.